

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 10

15 Maart 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

'N GESEëNDE EERSTE KWARTAAL
Ons kyk weer terug na 'n geseënde eerste kwartaal wat soos blits verby gevlieg het. Ons is ons Skepper ewig dankbaar vir al Sy seëninge wat Hy so oorvloedig oor ons skool uitstort.

Ek wens almal 'n rustige vakansie toe en vertrou dat ons die baie vol tweede kwartaal met hernude energie sal aanpak. Spandeer tyd saam as gesin, ry veilig en kom terug uitgerus.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE
Die leerlinge ontvang vandag hul rapporte. Baie geluk aan die wat mooi presteer het. Die wat nie so goed gevaar het nie, sal volgende kwartaal harder moet werk. Teken asseblief die rapport en stuur dit dan terug aan die skool die eerste dag van volgende kwartaal.

Teken solank 8 April 2019 aan as die datum vir die ouerbesoeke aan u kind se onderwyser.

Sommige van u sal briefies kry om die onderskeie onderwysers te kom sien. Kom asseblief daardie afsprake na ter wille van u kind. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

PERSONEEL
Ons dink aan Mev. Erna van Schalkwyk wat haar ma die afgelope week aan die dood afgestaan het. Ons bid hulle as familie sterkte toe en weet dat ons Hemelse Vader met hulle sal wees in die hartseertyd.

Baie dankie aan al ons onderwysers wat die kwartaal uitstekende werk gelewer het. Die skool beskik voorwaar oor 'n uitstekende span wat altyd hul beste lewer. Ek is baie trots op elkeen.

Ons groet Me. Brits en Mev. van Tonder wat ons aan die einde van die kwartaal verlaat. Ons wens hulle alle sterkte toe by hul nuwe skool. Ons weet hulle sal daar 'n groot verskil maak.

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Wihan van Zyl in graad 7D en sy familie met die heengaan van sy oupa gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

SKOOLDRAG
Leerlinge trek nog steeds somersdrag aan, maar wanneer dit koud is kan hulle wintersdrag (korrek) aantrek. Ons sal mettertyd vir die kinders 'n spesifieke datum gee wanneer wintersdrag verpligtend sal wees. Onthou asseblief dat sweetpakbaadjies nie deel is van wintersdrag nie.

.

VAKANSIENASORG: MAART 2019
Ons bevestig dat die vakansienasorg wel in die Maartvakansie voortgaan.
Die tydperk is:

1. **18 Maart tot 29 Maart (9 dae). (Skole sluit 15 Maart 2019 en Woensdag 21 Maart (Menseregtedag)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. vanaf 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

VERLORE KLERE
Ons doen 'n ernstige beroep dat u by u huis sal kyk of daar nie dalk ander kinders se klere by die huis is nie. Indien, sal ons dit waardeer as u dit so spoedig moontlik na die kantoor kan bring. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help, (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet my asseblief wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer.
By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

BLOEDSKENK

Die bloeddiens het 'n vorderingsverslag verlede week versprei. Baie geluk aan die klasse en leerders wat tans aan die voortou is. Sien die datums en plekke op D6 waar u gedurende die vakansie kan gaan bloedskenk en ondersteun asseblief. Met Paasnaweek in April probeer SANBS om soveel voorraad moontlik op te bou.

HOPE FOR KIDS FUN RUN

Baie dankie aan almal wat ingeskryf het vir die pretloop. Leerders wat deelneem kan sommer hul sportdrag aantrek. Ons sien u Donderdag, 21 Maart by Londtpark sportklub. Die 8km begin 7:30 en die 5km om 7:45. Resies nommers kan Woensdag, 20 Maart tussen 17:00 en 20:00 of Donderdag tussen 6:00 en 7:15 by Londtpark Sportklub afgehaal word. Kyk vir 'n Newtonparkbordjie. Julle hoef nie in die gewone rye te staan nie. Mev. Annemarie van Zyl sal daar wees om LNP se nommers uit te gee.

VOLKSKOOL-SPORTDAG
Graag vestig ons solank u aandag op 27 April 2019 wanneer ons jaarlikse sportdag teen Volkskool plaasvind. Dagboek solank die datum om iewers u mou op te rol en hand by te sit om van die dag 'n groot sukses te maak. Laat u gedagtes gaan in die rigting van bydraes of borge. U sal vroeg in die nuwe kwartaal meer inligting ontvang.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam verskaf, en/of e-pos bewys na fin@lnpark.co.za

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal 'n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Aanmoediging is soos suurstof vir die siel.
George M. Adams

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Di – 2 April	:	SKOOL HEROPEN **07:45**
Wo – 3 April	:	Klerewinkel: ***12:00-14:30***
		Netbal distriksproewe : 0/12 en 0/13 **14:30**
Do – 4 April	:	Netheidsinspeksie
		Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 5 April	:	Klerewinkel: ***07:30-12:00***
		Eko-Newtons
		OOV dans

OOV MANDJIEDANS
Ons herinner u aan die OOV mandjiedans op Vrydag, 5 April. Ons sal u graag daar wil sien. Kom ondersteun asseblief. Kaartjies is R60 per persoon. U bring u eie eet-en drinkgoed. Daar sal ook toesig wees vir kinders teen geen ekstra koste. Indien u 'n kaartjie wil koop, kontak gerus vir Sulene by 083 658 2078.

SPORT & KULTUUR

SWEM

C-Gala – 23 Februarie 2019			
NAAM	**OUDERDOMSGROEP**	**SLAG**	**POSISIE**
Isabelle Kühn	Meisies 0/8	Rugslag Vryslag Borsslag	1ste 1ste 2de
Alexis Venter Emma de Witt	Meisies 0/8	Rugslag Rugslag	2de 5de
Jaco Jacobs	Seuns 0/8	Rugslag Vryslag	1ste 2de
Ben Nothnagel	Seuns 0/8	Borsslag	7de
Phoebe Visser	Meisies (11 jaar)	Borsslag Vryslag	6de 1ste
Jaco Jacobs Morgan Daniel Jéan Kolesky	Seuns 0/8 Seuns (12 jaar)	Vryslag Vryslag Vryslag	2de 4de 2de

BLOUWATERBAAI SPORTDAG
RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
8 + 9 Maart	0/13A	Diaz	LNP wen 20 – 10
		Kabega	LNP wen 15 – 10 Man van die wedstryd : Juwan Wium

BLOUWATERBAAI SPORTDAG
NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
8 Maart	0/13A	Susannah Fourie	LNP wen 7 – 2

NETBAL SENTRAAL-ZONE-PROEWE: 0/12 & 0/13

Die volgende dogters het op Woensdag, 13 Maart aan die Netbal Sentraal-Zone-proewe deelgeneem en na die Distriksproewe deurgedring wat op 3 April plaasvind:

0/13	0/12
Nadia Fouché	Taluschka Boshoff
Anike Kühn	Kayla J. de Coning
Nicole Pretorius	Mikayla Schoultz
	Raylynn K. Adams
	Chanté Victor

Baie geluk!

FRAMESBY NETBAL- / RUGBYFEES

Op Donderdag, 7 Maart het ons 0/13A netbal- en rugbyspelers aan die Framesbyfees deelgeneem.
Ons netbalspan het teen 4 skole gespeel en 1 wedstryd gewen en ons rugbyspan het teen 2 skole gespeel en beide verloor.
Anike Kühn in graad 7E is as speler van die dag aangewys. Sy het ‘n medalje daarvoor ontvang. Baie geluk!

KARATE

Miané Barkhuizen in graad 2R het Saterdag, 9 Maart aan ‘n karate inter-klub (Dragon Suburbs Karate Club) kompetisie deelgeneem en ‘n 2de plek in die haar ouderdomsgroep (8 - 9 jaar) Kata en Kumite verower. Baie geluk!